

# Jesus se broer, die Apostel en die Patriarg.

Karl Holz

**Jakobus 1:19-21**

19 So dan, my geliefde broeders, elke mens
moet gou wees om te hoor, stadig om te praat,
stadig om kwaad te word. 20 Want die toorn van
‘n man bewerk nie die geregtigheid voor God
nie. 21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid
en oorvloed van boosheid, en ontvang met
sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in
staat is om julle siele te red.

**Jakobus 1:22-24**

22 En word daders van die woord en nie net
hoorders wat julleself bedrieg nie. 23 Want as
iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n
dader nie, dié is soos 'n man wat sy
natuurlike gesig in 'n spieël sien; 24 want hy
sien homself en gaan weg en vergeet dadelik
hoe hy gelyk het.

**Jakobus 1:25**

25 Maar hy wat diep insien in die volmaakte
wet van die vryheid en daarby bly, hy sal,
omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie,
maar ‘n dader van die werk, gelukkig wees in
wat hy doen.


Lord, please talk to me

**Matteus 7:24-25**

24 Elkeen dan wat na hierdie woorde van My
luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met
‘n verstandige man wat sy huis op die rots
gebou het. 25 En die reën het geval en die
waterstrome het gekom en die winde het
gewaai en teen daardie huis aangestorm, en
dit het nie geval nie, want sy fondament was
op die rots.

**Matteus 7:26-27**

26 En elkeen wat na hierdie woorde van My
luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word
met ‘n dwase man wat sy huis op die sand
gebou het. 27 En die reën het geval en die
waterstrome het gekom en die winde het
gewaai en teen daardie huis aangestorm en
dit het geval, en sy val was groot.

**2 Korintiërs 12:8-9**

8 Hieroor het ek die Here drie maal gebid,
dat hy van my sou wyk. 9 En Hy het vir my
gesê: My genade is vir jou genoeg, want my
krag word in swakheid volbring. Baie liewer
sal ek dus in my swakhede roem, sodat die
krag van Christus in my kan woon.

**2 Korintiërs 12:10**

10 Daarom het ek behae in swakhede, in
beledigings, in ontberings, in vervolginge, in
moeilikhede, om Christus wil. Want as ek
swak is, dan is ek sterk.

**Genesis 18:10-11**

10 En Hy sê: Ek sal oor ‘n jaar sekerlik weer
na jou toe kom—dan sal jou vrou Sara ‘n
seun hê. En Sara het geluister by die ingang
van die tent wat agter Hom was. 11 Maar
Abraham en Sara was oud, ver op hulle dae;
dit het met Sara nie meer volgens die reël
van die vroue gegaan nie.

**Genesis 18:12-14**

12 En Sara het by haarself gelag en gedink: Sal
ek genot hê nadat ek oud geword het en my
heer oud is? 13 Toe sê die HERE vir Abraham:
Waarom het Sara daar gelag en gedink: Sou ek
ook werklik baar nou dat ek oud geword het?
14 Sou iets vir die HERE te wonderbaar
(buitengewoon,moeilik) wees? Hierdie tyd, oor
‘n jaar, sal Ek na jou terugkom, en Sara sal ‘n
seun hê.

**Genesis 21:1-3**

1 En die HERE het Sara besoek soos Hy
beloof het; en die HERE het aan Sara
gedoen soos Hy gespreek het: 2 Sara het
bevrug geword en vir Abraham in sy
ouderdom 'n seun gebaar op die bepaalde
tyd wat God genoem het. 3 En Abraham het
sy seun wat vir hom gebore is, wat Sara vir
hom gebaar het, Isak genoem.

1. Abraham the Patriarch-Is anything too hard for the Lord?
2. Jesus’s brother James-be doers of the word, and not hearers only.
3. Paul the Apostle-“My grace is sufficient for you, for my power is made perfect in weakness.”